Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT
forward together sonke siya phambili saam vorentoe



# Departement BEDRYFSIELKUNDE

Die sukses van 'n besigheid hang af van sy mense. Dit sal jou fokus wees wanneer jy besluit om Bedryfsielkunde te studeer.

Wat sit agter mense se gedrag in die werksplek? Wat motiveer hulle? Hoe gaan mense met ander om in die werksplek? Watter faktore beïnvloed hul prestasie? Hoe selekteer ons werkers vir poste? Hoe kry ons 'n span om beter saam te werk? Hoe kies mense hul loopbaan? Hoe skep ons optimum werksomstandighede? Hierdie vrae, en andere, word almal gedek in hierdie gewilde en opwindende vakgebied. As jy gefassineerd is deur die kompleksiteite van gedrag, is Bedryfsielkunde miskien vir jou.

## WAT IS BEDRYFSIELKUNDE?

Bedryfsielkunde is die wetenskap wat beginsels van sielkunde toepas op kwessies in die werksplek, met die doel om die effektiwiteit en welsyn van die individu, groep en organisasie te verbeter. In Suid-Afrika bestaan daar 'n dringende behoefte aan die produktiewe aanwending van menslike hulpbronne sodat 'n bydrae gemaak kan word tot organisasiedoelbereiking en om te verseker dat die RSA meer mededingend op internasionale terrein sal wees. Afgestudeerde studente sal die heersende sakeverwante mensbestuuruitdagings en mensprobleme so aanspreek dat hul die vertroue, respek en waardering van topbestuur verwerf.

## IS DIT MAKLIK/MOEILIK OM WERK TE KRY MET BEDRYFSIELKUNDE?

Die vraag na spesialiste in die bestuur van mense groei in Suid-Afrika as gevolg van nypende vaardigheidstekorte, die groeiende ekonomie, sowel as ons geskiedenis van afsonderlike ontwikkeling. Bedryfsielkunde is 'n wye veld en daar bestaan 'n wye reeks beroepe waarin jy kan werk. Baie afgestudeerdes verkies om eerder vir hulself te werk. Vele afgestudeerdes word algemene bestuurders, en gebruik hul bedryfsielkunde agtergrond met vrug as bestuurders van mense.

## WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN BEDRYFSIELKUNDE EN MENSLIKE HULPBRONBESTUUR?

Bedryfsielkunde is die sambreelterm vir verskeie subvelde, waarvan menslike hulpbronbestuur slegs één is. Die ander velde is Beroepsielkunde, Ergonomika, Psigometrika, Verbruikersgedrag, Arbeidsverhoudinge, Opleiding en Ontwikkeling, en Organisasiesielkunde.

## TOELATINGSVEREISTES

Algemene toelatingsvereistes vir die BComm en BA-programme geld. Sien die departement se webtuiste en die SU jaarboeke vir meer inligting.

## NAGRAADSE STUDIE IN BEDRYFSIELKUNDE

Verskeie nagraadse programme word aangebied. Vir verdere besonderhede besoek die departement se webtuiste https://www.sun.ac.za/industrialpsychology

## GRAADPROGRAMME

| NAAM | BA *(MENSLIKE HULPBRONBESTUUR)* | BCOMM *(MENSLIKE HULPBRONBESTUUR)* met fokus op MENSLIKE HULPBRONBESTUUR | BCOMM *(BEDRYFSIELKUNDE)* |
|---|---|---|---|
| AARD VAN DIE PROGRAM | Om studente voor te berei vir 'n loopbaan in die bestuur van menslike hulpbronne binne organisasies. | Om studente voor te berei vir 'n loopbaan in die bestuur van menslike hulpbronne binne organisasies. Hierdie graad bevat meer besigheids-georiënteerde vakke as die BA-program. | Om studente voor te berei vir 'n loopbaan in die bestuur van menslike hulpbronne binne organisasies, hoofsaaklik as geregistreerde Bedryfsielkundiges. Hierdie program het verder ten doel om studente toe te rus om op 'n geloofwaardige wyse teoretiese *(psigiese)* verklarings vir die gedrag van die arbeidende mens te formuleer en in praktiese menslike hulpbronintervensies toe te pas. Afgestudeerdes behoort die rol van gedragswetenskaplike, sakevennoot en sielkundige te kan vervul. |
| BEROEPE | • Privaat-praktiserende konsultant in Menslike Hulpbronbestuur<br>• Bestuurder: Korporatiewe sosiale verantwoordelikheidsprojekte<br>• Algemene bestuurder<br>• Reklamebestuurder<br>• Menslike hulpbronbestuurder<br>• Opleidingsbestuurder<br>• Entrepreneur<br>• Arbeidsverhoudinge konsultant<br>• Organisasie-ontwikkelingspraktisyn<br>• Geregistreerde Menslike Hulpbronpraktisyn *("Human Resource Practitioner")* by die SARPP *(na B-graad)*<br>• Geregistreerde Geoktrooieerde Menslike Hulpbronpraktisyn *("Chartered Human Resource Practitioner")* by die SARPP *(na Hons-graad en internskap)*<br>• Geregistreerde Meester Menslike Hulpbronpraktisyn *("Master Human Resource Practitioner")* by die SARPP *(na M-graad en internskap)*<br>• Navorser by privaat- of openbare sektor-organisasie<br>• Akademikus by 'n tersiêre instelling, met 'n Meestersgraad en hoër | • Privaat-praktiserende konsultant in Menslike Hulpbronbestuur<br>• Bestuurder: Korporatiewe sosiale verantwoordelikheidsprojekte<br>• Algemene bestuurder<br>• Reklamebestuurder<br>• Menslike hulpbronbestuurder<br>• Opleidingsbestuurder<br>• Entrepreneur<br>• Arbeidsverhoudinge konsultant<br>• Organisasie-ontwikkelingspraktisyn<br>• Geregistreerde Menslike Hulpbronpraktisyn *("Human Resource Practitioner")* by die SARPP *(na B-graad)*<br>• Geregistreerde Geoktrooieerde Menslike Hulpbronpraktisyn *("Chartered Human Resource Practitioner")* by die SARPP *(na Hons-graad en internskap)*<br>• Geregistreerde Meester Menslike Hulpbronpraktisyn *("Master Human Resource Practitioner")* by die SARPP *(na M-graad en internskap)*<br>• Navorser by privaat- of openbare sektor-organisasie<br>• Akademikus by 'n tersiêre instelling, met 'n Meestersgraad en hoër | • Privaat praktiserende konsultant<br>• Bestuurder: Korporatiewe sosiale verantwoordelikheidsprojekte<br>• Algemene bestuurder<br>• Menslike hulpbronbestuurder<br>• Opleidingsbestuurder<br>• Entrepreneur<br>• Arbeidsverhoudinge konsultant<br>• Organisasie-ontwikkelingspraktisyn<br>• Geregistreerde Menslike Hulpbronpraktisyn *("Human Resource Practitioner")* by die SARPP *(na B-graad)*<br>• Geregistreerde Geoktrooieerde Menslike Hulpbronpraktisyn *("Chartered Human Resource Practitioner")* by die SARPP *(na Hons-graad en internskap)*<br>• Geregistreerde Meester Menslike Hulpbronpraktisyn *("Master Human Resource Practitioner")* by die SARPP *(na M-graad en internskap)*<br>• Geregistreerde Psigometris *("Registered Psychometrist")* by die Raad vir Gesondheidsprofessies van Suid-Afrika *(HPCSA) (na Hons.BComm (Bedryfsielkunde) graad, internskap en raadseksamen)*<br>• Geregistreerde Bedryfsielkundige by die Raad vir Gesondheidsprofessies van Suid-Afrika *(HPCSA) (na MComm, internskap en raadseksamen)*<br>• Navorser by privaat- of openbare sektor-organisasie<br>• Akademikus by 'n tersiêre instelling, met 'n Meestersgraad en hoër |
| UITKOMSTE | Hierdie program laat jou toe om te registreer by die SARPP. | Hierdie program laat jou toe om te registreer by die SARPP. | Die BComm program is 'n voorvereiste vir toelating tot die Bedryfsielkundige beroep. |

**Algemeen:** Mrs C Cillié | **Epos:** cmcillie@sun.ac.za | **Telefoon:** +27 (0)21 808 3005 | **Adres:** Department van Industriële Sielkunde, Posbus X1, Matieland, 7602 | **Webtuiste:** https://www.sun.ac.za/industrialpsychology